

# SARS WEN R1 MILJARD BELASTINGONTDUIKINGSAAK

**Pretoria, Donderdag 28 November 2019** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) verwelkom die uitspraak van die Appèlhof wat die uitgerekte dispuut met Africa Cash & Carry tot 'n einde bring.

Sommige van die sleutel regsbeginsels wat die Appèlhof op uitspraak gelewer het, sluit die magte van die belastinghof in om aanslae aan te pas ingevolge artikel 129(2)(b) van die Wet op Belastingadministrasie, wet 28 van 2011 (die TAA) in teenstelling met die mag om die aanslag terug te verwys na SARS ingevolge artikel 129(2)(c) van die TAA en 'n vertolking van wat SARS se verantwoordelikheid is wanneer dit vereis word om 'n geskatte aanslag as redelik te bewys.

Die uitspraak van 21 November 2019 volg na SARS 'n ondersoek gelas het na die gebruik van verswyging van verkope stelsels en die ongerekonariseerde manipulasie van boekhouding. Die ondersoek het die onderverklaring van verkope en die manipulasie van voorraadsyfers blootgestel en gelei tot geskatte inkomstebelasting- en BTW-aanslae wat deur die belastingpligtige gedisputeer is. Die belastinghof het die aanslae aangepas en die belastingpligtige het sy reg tot appèl in die Appèlhof uitgeoefen.

Die Appèlhof het die belastinghof se bevel gehandhaaf, wat die aanslae *inter alia* aangepas het en SARS se heffing van 200% addisionele belasting beaam het.

SARS is toegewyd tot die bestryding van opsetlike belastingontduiking. SARS is besorgd oor die nakomingsvlakke in die koop-en-loopbedryf, met bepaalde fokus op "oopleng" skemas wat 'spookuitvoere', die nie-aantekening van die verkoop van selfoonlugtyd, manipulering van leningsrekeninge, die eis van vervalsde fakture vir BTW- en inkomstebelastingdoeleindes, die gebruik van dopondernemings om fakture te skep en die verswyging van verkope stelsels behels.